Hebreërs, Hoofstuk Twee [1]

Was hier in die klas en het dit geniet die. . . [Leë kol op band—Red.] En nou die eerste Boek Hebreërs, is Paulus, het ons gevind, of glo ons. Die teoloë verskil; hulle weet nie presies watter, of wie Dit geskryf het nie. Maar, ek glo, enigeen met 'n bietjie geestelike onderskeidingsvermoë sal sien dit was Paulus. Dis—dit word geglo, deur die meeste skrywers, Paulus te wees. En hoedat hy. . .

2 In die eerste hoofstuk, het ons gevind dat dit die Here Jesus verhoog. O, hoe hy tuisgebring het, om te toon deur die—deur die ondervinding wat hy gehad het op sy pad na Damaskus. Nou, Paulus was, aan die begin, 'n ware teoloog. Paulus is opgelei onder Gamaliël, een van die beste leermeesters van daardie dag. En hy was slim en intelligent, en was 'n werklik vernuftige Bybelgeleerde.

3 En ek het dit gevind, toe hy op sy pad daar na Damaskus was, met briewe in sy sak om al diegene wat in die weg was van die geseënde ou Evangelie, te arresteer, en die man was opreg. Maar, ek het altyd geglo dat omdat Paulus Stéfanus sien sterf het, dink ek dit moes affekteer het. Toe hy toegestem het tot Stéfanus se dood, en die klere gehou het van diegene wat hom gestenig het, toe was Paulus skuldig aan die bloed van Stéfanus. En hy het bely, en gesê: "Ek is nie eens waardig nie," gesê: "omdat ek die bloed vergiet het van Sy—van Sy, die martelaar, Stéfanus." Omdat, hy getuie daarvan was.

4 En as jy getuie is van enigiets, is jy net so skuldig asof jy 'n deelnemer daaraan is. So as ons getuig, sê: "O, ja, hulle behoort nie dit, hierdie *so-en-so* te gedoen het nie." Wees versigtig wat jy sê, want jy is skuldig op die wyse wat jou oordeel gaan. As jy nie kan besluit nie, moenie iets sê nie, los dit net alleen. Dan wanneer jy getuig dat jy 'n Christen is, dan is jy skuldig. Sien? Jy's skuldig daaraan dat jy 'n Christen is, en jy moet daarvolgens lewe. En wanneer God 'n—'n belofte maak in die Bybel. . . Ek sien 'n man hier in 'n rolstoel. Wanneer God 'n Belofte maak, is Hy skuldig aan daardie Belofte tensy Hy Dit laat gebeur. God is skuldig wanneer Hy 'n Belofte maak. En die Skrifte is skuldig totdat hulle vervul is. Sien? Hulle is—hulle is net daar as 'n—as 'n verklaring wat God gemaak het. En Dit moet vervul word of God is skuldig. Sien?

5 En toe Paulus, wat 'n leermeester was, en het aangekom op sy pad daar na Damaskus toe daardie dag, omtrent, teen omtrent middag langs, veronderstel ek. Daar het 'n groot Lig uit die Hemele geskyn, en hom verblind, en hy—hy het op die

aarde geval. En hy het gesê hy wou weet Wie dit was. Hy het gesê ’n stem het gespreek, en gesê: “Saul, Saul, waarom vervolg jy My?” Ek reken die 8ste hoofstuk van Handelinge.

Hy het gesê: “Wie is Dit wat ek vervolg?”

6 En die Stem het teruggekom, en gesê: “Ek is Jesus.” O! “Ek is Jesus, en dis hard vir jou om teen die prikkels te skop.” En wat was Jesus toe? Jesus, Hy was die Lig, net ’n groot Lig wat helder skyn.

7 Nou om ons te bemoedig en ’n basis hier te kry. Hoe was Hy ’n Lig, as Hy ’n Mens was? Nou, nie een . . .

Daar was ’n klomp soldate by Paulus, tempelwagte, het daarheen gegaan om te arresteer. Paulus was die hoofkaptein. En hulle het daarheen gegaan om daardie mense te arresteer, oor hulle veldtogte ensovoorts, en oor hulle godsdienstige hoop wat binne-in hulle gelê het.

8 Maar, nou, hier was Jesus as ’n groot Lig. Nou, as julle onthou, aan die begin was Jesus ’n Lig. Jesus was die Logos wat van God uitgegaan het. En Hy was die . . . Hy was die Engel van die Verbond wat die kinders van Israel deur die wildernis gelei het. En Hy was die Vuurkolom waarna hulle gekyk het. En Hy was . . . En toe Hy hier op aarde was, het Hy gesê: “Ek het van God gekom, en gaan na God toe terug.” So as Hy gekom het van ’n Vuurkolom, tot ’n Mens, as Hy dan teruggegaan het na waar Hy was, het Hy weer na ’n Lig teruggegaan. En daar was Hy toe Paulus Hom gesien het, was Hy ’n Lig.

9 Nou, al daardie soldate wat by Paulus was, het nie die Lig gesien nie. Is dit dan moontlik dat een Dit kan sien, en die ander Dit nie sal sien nie? Sekerlik. Goed. Hy, Paulus, het Dit gesien, maar die res van hulle het nie die Lig gesien nie.

10 Nou, toe Petrus in die gevangenis was, vind ons uit het hierdie Lig in die tronk gekom, die deure oopgemaak. En hy was . . . Daardie lig het die res van die wagte verblind, soos hulle uitgeloop het, Petrus gegaan het. En toe hy by die deur gekom het, het dit net vanself oopgegaan, stilweg, agter hom toegegaan. Uit die binne-tronk, het hy na die buitedeur gegaan. Dit het op sy eie vanself oopgegaan, saggies toegegaan. En toe het hy na die gaping gegaan, in die stadstraat uitgegaan. En hy het sy oë gevryf, asof te sê: “Het ek gedroom?” Hy het nie geweet wat gebeur het nie. Maar, die Engel van die Here, dieselfde Engel wat die Vuurkolom was wat Moses na die see begelei het en haar uitgestrek het, o, en die Dooie See . . . die Skelfsee het aan beide kante opgedam, en Israel het oorgegaan.

11 En toe hulle by die stygende Jordaan gekom het, het Hy Homself nie daar sigbaar gemaak nie. Maar Hy was daar, omdat Hy dit net laat oopgaan het. En hulle het in April oorgegaan, wanneer die vlaktes alles vol water is. En Hy het

die lente teruggehou, en Hy het die sneeu verhinder om te smelt, want dit het nie hoër en hoër opgedam nie; dit het net gaan staan. Dis ons Jehova. Dis ons Here Jesus. Net gaan staan; en hulle het op droë grond oorgeloop.

12 Nou, God het belowe dat Hy vir hulle sou sorg, dus was Hy verplig tot Sy Belofte. Nou, Paulus, bewus van hierdie dinge, en het van hulle geweet, hy was bevoorreg, omdat God direk met Paulus gepraat het. Hy het nie met die soldate gepraat wat by hom was nie. Hy het net met Paulus gepraat.

13 Nou, toe die—toe die Engel van die Here neergedaal het, in die vorm van 'n ster; en die sterrekykers, die wyse manne van Indië, toe, hulle daardie Ster gesien het en Dit gevolg het vir honderde myle. En Dit het oor elke sterrewag gegaan, omdat hulle die tyd volgens die sterre gehou het. En niemand het daardie Ster gesien, behalwe die wyse manne nie. O, goeiste! Ontroer dit julle nie? [Gemeente sê: "Amen."—Red.]

14 Dan, julle sien, handel God nie met organisasies nie. Hy handel nie met groepe mense nie. Hy handel met indiwidue. Hy openbaar Homself aan indiwidue. En nou—om dit nou te sê, nie dit nie . . . God ken my hart. En nie om dit nou vir eie persoon te sê, persoonlike lof nie; net om daar te wees. Maar, het julle geweet, daardie selfde God, daardie selfde Jesus, is met ons vanmôre? Weet julle, elkeen van julle het juis nou 'n klein, indiwiduele getuienis daarvan, dat Hy hier is? En is . . . Hy het iets vir ons gedoen in hierdie dag wat Hy nie in die ander dae gedoen het nie; Hy het Sy Foto laat neem in hierdie dag. Ons het Dit net *daar* laat hang. Sien? Die Vuurkolom, dieselfde Here Jesus.

15 Let nou op hoe Hy werk. As Hy dieselfde Here Jesus is, sal Hy dieselfde dinge doen, want die Bybel het gesê: "Hy is dieselfde gister, vandag, en vir altyd."

16 Nou, voor Paulus enigiets wou aankondig, of dit reg of verkeerd was, het hy eers daar na Egipte toe gegaan en drie jaar gespandeer, om uit te vind of dit Skriftuurlik was of nie. Het julle dit ooit geweet? Na Paulus se bekering, het hy na Egipte toe gegaan vir drie jaar. Daar het hy gebly, en dit is daar waar hy daardie groot wysheid geleer het.

17 Nou, glad nie as enige vergelyking nie, ek gee net vir julle hoe die Heilige Gees steeds dieselfde bly. Nou, my kerk hier onthou, jare gelede, toe hierdie Engel sou verskyn en dinge sou toon. Ek was 'n bietjie skepties Daaroor. Julle almal weet dit, julle oues van dae. As julle . . . As dit reg is, steek jou hand op, as jy gehoor het. Ja. Kyk, kyk na die kerk, steeds, van die oues van dae. Sien? Ek was skepties, omdat predikers vir my gesê het Dit is van die Duiwel. En ek het dit soort van geglo, maar ek het gewag. Ek wou niks Daaroor sê nie.

18 Maar, o, geseënd sy die Naam van die Here! Een nag, oorkant, het Hy neergedaal, ’n Engel, en Dit in die Skrifte geopenbaar, dat Hy is. En wanneer ek Dit in die Skrifte gesien het, dan die wêreld oor Daarmee te basuin, die Boodskap.

19 Van daar het gegaan Oral Roberts, A. A. Allen, Tommy Osborne, Tommy Hicks, en wat nog. Sien? Dis ’n Boodskap aan die mense.

20 En Jesus is dieselfde gister, vandag, en vir altyd. Is Skriftuurlik, Hy’s dieselfde. Hy doen dieselfde. Hy is Dieselfde. En Hy werk dieselfde. Hy manifesteer Homself dieselfde. En Hy’s hier, vanmôre, dieselfde. Nou, ons mag Hom sien; ons mag nie. Wat dit ook al is, ons het ’n getuienis juis nou dat Hy hier is.

21 Nou, ons vind nou dat, Paulus, na hierdie ondervinding, en met die skrywe van hierdie briewe, meeste van hulle, uit die tronk, het hy die Ou en Nuwe Testament vergelyk. Nou onthou, die laaste skrywer van hierdie Bybel, deur inspirasie, God het neergedaal en vir hom gesê: “As enigeen enigiets Hieraan sal toevoeg of Hiervan sal wegneem, dieselfde sal uitgeneem word uit die deel van die Boek van die Lewe, vir hom.” So ons waag nie om een ding Daaraan toe te voeg nie. O, Dit moet bly soos Dit is, moet nie enigiets Daaraan toegevoeg word nie. En ons moet ywer vir alles wat Daarin is. Ek wil niks meer hê nie, en ek wil niks minder hê nie. Ek wil hê net wat Daar staan.

22 Nou, hierdie Boek Hebreërs, waarom ek Dit gekies het; een doel, een ding; hierdie brief: “Liewe Broer Branham,” ensovoorts. En, ek—ek, ons wil by die Woord bly.

23 Nou, die 1ste hoofstuk, was verheerliking van Jesus, so Hy’s die vername Een. En Paulus het ons laat weet, nou die aand, dat Hy in die groot begin was. En ons het uitgevind dat Hy niks minder was as: “Melgisédek, die Koning van Salem,” die Grote van die 7de hoofstuk nie.

24 En nou, vanmôre, benader ons Hom van ’n ander, ’n ander standpunt, van die 2de hoofstuk. Nou, nadat Paulus ons hierdie groot, wonderlike Boodskap gegee het, van Jesus te verheerlik: “En het selfs die Engele Hom laat aanbid.” En ek dink, hier, soos die orde oud tipeer: “En Hy sal dit vou soos ’n kledingstuk, maar hulle sal vergaan, maar U bly.”

25 En oorkant in die 2de hoofstuk, die 2de vers, meen ek is dit: “Het Hy in hierdie dae tot ons gespreek deur Sy Seun.” En, kyk: “Baiekeer en op baie maniere het Hy deur die profete gespreek.” En het deurgegaan en uitgevind wat die profete was, en hoe God Sy Boodskap deur die profete gebring het. “Maar in hierdie laaste dag het Hy gespreek deur Sy Seun, Jesus, deur die Heilige Gees. Hy het toe deur die profete gepraat.” Toe het ons teruggegaan en uitgevind al daardie profete het die Gees van Christus in hulle gehad.

26 Ons het teruggegaan na Josef en uitgevind hy het Christus perfek getipeer. Het teruggegaan na Moses en uitgevind hy het Christus perfek getipeer. Toe het ons dan gekom tot selfs by Dawid. En toe Dawid verwerp is in Jerusalem, nie geweet het waarom nie, maar bo-oor die heuwel gegaan het en teruggekyk het op die Olyfberg, en geween het oor Jerusalem omdat hy verwerp is. Agthonderd jaar van toe af, is die Seun van Dawid as Koning verwerp, in Jerusalem, en het op dieselfde heuwel gesit en geween. O, die Gees van Christus, handel met indiwidue!

27 Nou, Paulus begin, deur te sê:

> *Daarom moet ons des te meer ag gee op wat ons gehoor het, . . .*

28 2 de hoofstuk, nou, ons begin.

> *Daarom moet ons des te meer ag gee op wat ons gehoor het, dat ons nie miskien wegdrywe nie.*

29 O, mag God dit vanmôre in hierdie tabernakel tuisbring. Ek bid die Heilige Gees sal dit so diep in julle harte laat insink. "Ons moet des te meer ag gee op wat ons gehoor het." Watter soort mense behoort ons te wees, wanneer ons die groot Jehova sien neerdaal en die dinge doen wat Hy doen, en hulle vergelyk sien, Skrif vir Skrif, dat hulle die Waarheid is? En ons sit somtyds rond soos 'n vratte op 'n stomp, en net so onbetrokke. Ons behoort besig te wees, elke oomblik, mense by Christus probeer kry. Ons behoort lewendige stene te wees. Ons behoort nooit laks te wees soos ons is nie. Ons sal kerk toe gaan, en ons sal die Here Jesus iets sien doen, of—of ons op so 'n wyse seën, en dan sal ons—sal ons teruggaan en sê: "Baie mooi diens."

30 Nou, die prediking van die Woord, en ons geniet dit, maar dis nie die hoofsaak nie. Dis nie. Ons behoort nie die Here te aanbid net na ons met die prediking van die Woord klaar is, soos ons gewoonlik maak, Hom net aanbid nie. Dis wonderlik. Maar ons behoort Hom te aanbid elke uur van ons lewe. Wanneer ons werk, behoort ons Hom te aanbid. Elke keer wat die geleentheid hom voordoen, aanbid die Here deur van Hom te getuig.

As julle sien, party van julle dames, 'n vrou sien wat verkeerd is, aanbid die Here deur haar te neem en te sê: "Suster, daar's 'n beter lewe as dit."

31 Julle mans by julle werk, wanneer julle 'n man die Naam van die Here ydellik hoor gebruik, kry 'n geleentheid opsy en gaan soontoe, en neem hom aan die hand, en sê: "Jy, daar's 'n beter lewe as dit. Jy behoort nie daardie woorde te gebruik nie." En sê vir hom op 'n nederige, sagte manier. Al daardie dinge is 'n aanbidding.

En wanneer ons iemand siek sien, en die dokter sê daar's niks meer wat gedoen kan word nie, behoort ons die Here te aanbid deur vir hulle te sê: "Daar's 'n God van die Hemel wat gebed verhoor."

32 En dan wanneer ons daardie dinge sien plaasvind, wat ons wel genoeg sien plaasvind, behoort ons daardie dinge nooit te laat glip nie. Ons laat dit sommer deur ons vingers gaan. Dis wat die probleem vandag is met die groot Pinksterkerk. Hulle het die einste room van die oes deur hulle vingers laat glip, toe hulle dit in hulle hande gehad het. Maar, kyk wat hulle gedoen het, hulle het gemaak soos die res van die kerke. "Hulle het gewandel in die voordeel, in die weg van Korag, en het vergaan; en die weg van Kain, en het vergaan in die teenspraak van Korag."

33 Hulle het georganiseer. In plaas van 'n broederskap te hê waar ons almal een kon wees, het hulle hulleself georganiseer. Klein organisasies gemaak, en klein ismes, en het daaruit opgespring en sommer broederskap verbreek. En as julle nie oppas nie, gaan die Baptis en Presbiteriaan dit optel, want: "God is in staat om uit hierdie klippe kinders van Abraham te laat opstaan." En ons het—ons het dit deur die hande laat glip deur onverenig te wees.

34 Hoe het die Indiane hierdie land aan die witman afgestaan? Is omdat hulle onverenig was. As hulle een groot voorfront gemaak het. . . Maar hulle het een onder mekaar geveg. Hulle sou hulle gronde behou het as hulle almal bymekaar sou gekom het.

35 Hoe gaan ons dit verloor? Omdat ons onverenig is. Hoe ons ons ondervinding met God verloor, is omdat ons onverenig is. Ons rig een op, en noem *dit* die—die Metodiste, en *dit* die Baptiste, en *dit* die Gemeentes, en *dit* die Eenheid, en *dit* die *iets anders*, en die kerk van God, en die Nasaréner, die Pelgrim Heiligheid. Ons onverenig die Liggaam van Christus. Ons behoort nooit verdeeld te wees nie. Ons mag oor idees verskil, maar laat ons hart-tot-hart broers wees. God wil hê ons moet wees. Hy het vir die hele Kerk van God gesterf. En ons wil nie onverenig wees nie.

> Nou *daarom moet ons des te meer ag gee. . . dat ons nie miskien wegdrywe nie.*
>
> *Want as die woord deur engele gespreek, onwankelbaar was, . . .*

36 Hoor julle Dit? "As die woord deur engele gespreek. . ." Nou, *engel* is die "boodskapper." Die woord *engel* beteken die "boodskapper." En het pas deurgegaan, in die 1ste boek hier: "God het baiekeer en op verskillende maniere, tot die vaders gespreek deur die profete." Dit was God se boodskappers.

En hulle was—hulle was God se boodskappers. Hulle was God se engele. ’n Boodskapper is ’n engel; of ’n engel is die boodskapper, liewer.

37 ’n Boodskapper! Jy is boodskapper vanmôre. Jy’s . . . Jy is ’n boodskapper van goeie nuus of ’n boodskapper van slegte nuus. O, is dit nie pragtig, om te weet dat ons ambassadeurs is, dat ons engele is, die boodskappers van die opstanding nie? En ons is God se boodskappers aan die sondige wêreld, dat Christus lewe. In ons harte, leef Hy. In ons gees, leef Hy. En Hy bring ons van die lae verdorwe lewe van sonde, en verhoog ons op, en gee ons ’n “halleluja” in ons siel, en maak ons nuwe skepsels. Ons is boodskappers, engele van die Verbond. Hoe wonderlik!

38 En nou, in die Ou Testament: “As—as die woord gespreek deur engele standvastig was,” so moes dit reg wees. In die Ou Testament, voor ’n profeet se woord gemanifesteer kon word, moes dit ondersoek en bewys word. Hulle was nie losweg daarmee, soos ons vandag is nie.

39 Gaan sommer uit en ondervind enige soort sensasie, of enigiets anders: “O, glorie aan God, dit is dit!” Jy maak ’n fout.

Die Bybel het gesê, dat: “In die laaste dae, sal die Duiwel Christenskap naboots, so goed, dat dit die einste Uitverkorenes sal mislei as dit moontlik is.” Dis reg. So, ons moet dit toets.

40 En hoe het hulle dit getoets in hulle dag? Na die Urim Thummim. Die borsplaat van Aäron, wat daardie stene daarin gehad het: karbonkel, jaspis, diamant, robyn, saffier. Al daardie stene, wat die geboorte verteenwoordig van hierdie twaalf aartsvaders, was in die borsplaat van Aäron. En wanneer ’n profeet geprofeteer het, en daardie heilige Lig het daaroor geflits, het God gesê: “Dis die Waarheid.” Maar, maak nie saak hoe werklik dit gelyk het nie, as dit nie daarop geflits het nie, was dit nie die Waarheid nie. So, daardie Urim Thummim het met daardie priesterskap saamgegaan.

41 Maar hierdie Bybel is vandag God se Urim Thummim. En wanneer ’n profeet profeteer, moet dit absoluut met die Bybel flits. Dan, sê God, dan daal Hy neer en bewys Dit.

42 O, hoe kan ek God nie vandag verheerlik nie! Ek dink terug aan ’n ander Sondagoggend, omtrent soos hierdie, toe ek die tabernakel verlaat het. En julle mense het gehuil en my gevra om nie te gaan nie. Maar, toe, ek het gepreek oor Dawid en Góliat, en hoe jy daardie koue, onverskillige wêreld in die gesig gaan staar, wat sê dat die dae van wonderwerke verby is.

43 Ek het gesê: “Daar’s een groot reus, en sodra ons hom kan verslaan, sal die res van hulle moed skep.” En die Here het dit geskenk. En toe was daar ’n Oral Roberts en ’n Jaggers, ensovoorts, het die Swaard uitgetrek, en ons het die vyand uit hierdie land uit geveg, hulle monde toegemaak. Hulle kan nie

sê dat wonderwerke nie gebeur nie, want hier is hulle. Sekerlik. God se Woord is Ewig. Dit het geflits op die Urim. Geflits op die Woord, wat Sy Urim Thummim is. En toe dit Daarop geflits het, was dit positief.

En aan elkeen wat behoefte het, as jy 'n sondaar is, jy wil weet hoe om gered te word: "Glo in die Here Jesus Christus."

44 Vandag, het ons soveel dinge wat jy moet doen. "Moet nuwe blaaitjies omslaan. Jy moet *dit* doen en *dat* doen, ten einde gered te word."

Ek dink aan die tronkbewaarder van Filippi, toe hierdie tronkbewaarder Paulus gevra het: "Wat moet ek doen om gered te word?"

Was dit ek of jy, sou ons hom die dinge gesê het wat hy *nie* behoort te doen nie. "Jy behoort op te hou drink. Jy behoort jou dobbelary te los, jou dobbelary. Jy behoort *dit* te los. Jy behoort *dat* te los."

Paulus het hom dit nooit gesê nie. Hy het hom net die dinge gesê wat hy *behoort* te doen. "Glo in die Here Jesus Christus, en u sal gered word."

45 Nou: "Hy wat My Woorde hoor en glo in Hom wat My gestuur hê, het ewigdurende Lewe." Dis die Urim Thummim wat flits, Johannes 5:24. "Ek is die Here wat al jou krankhede genees." Jakobus 5:14: "Roep die ouderlinge, salf met olie, gebed van geloof sal die siekes red." Die Urim flits. Sien? Dis God se Ewige Woord.

46 Ek gee nie om hoeveel ateïste, ongelowige, agnostici, skeptici opstaan nie. God sal by Sy Woord staan. Hy het belowe Hy sal dit doen.

47 "En ons behoort des te meer ag te slaan op hierdie dinge wat ons gehoor het, dat hulle nie miskien laat wegdrywe nie. Want as die woord gespreek deur engele (die profete) onwankelbaar was . . . " Was hulle? Ons sou 'n week daarop kon stilstaan.

48 Was dit onwankelbaar toe Moses gespreek het? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Dit was beslis.

Wat van Elía, wat daar bo-op die top van die berg gesit het? Die Here het vir hom gesê: "Gaan daar op, Elía. Ek sal daar by jou bly; wil bietjie gemeenskap hou." God hou daarvan om gemeenskap te hou met Sy mense. Maar ons wil nie lank genoeg stilstaan vir Hom om met ons gemeenskap te hou nie. Ons is so besig om rond te val, van plek tot plek, en soveel. "Sit stil Elía." Hy wou drie jaar en ses maande van gemeenskap hê. Ons kan Hom skaars drie minute gee. Drie jaar en ses maande van voortdurende gemeenskap. O, ek hou daarvan! Het gesê: "Moenie oor die kokery bekommerd wees nie; ons sal dit klaar

gereël hê. Die kraaie gaan jou voed. En alles gaan reg wees. Ek wil net 'n bietjie gemeenskap hou." Hierdie ou profeet, Elía, het daar bo-op die berg gesit.

Terwyl hy met God gemeenskap gehou het, wel, het die kaptein gesê: "Ek meen ek sal opgaan en hom vang." Nou, jy moet nooit daardie gemeenskap probeer verbreek nie.

49 Toe, het die kaptein opgekom, met sy groot leër manne, vyftig. En hy het gesê: "Ek—ek—ek kom jou vat, Elía."

50 En Elía het opgestaan. Oppas, hier's die profeet van die Here! Hy het gesê: "As ek 'n dienskneg van die Here is, laat vuur uit die hemel kom en julle verteer." En daar kom die vuur. Die kaptein het gesê . . .

51 "O, weet jy wat?" Die koning, liewer, het gesê: "Dit was waarskynlik 'n donderslag, maar net weerlig wat sommer oorgetrek het, en dit het hulle getref. Ek sal my vyftig stuur."

52 Elía het opgestaan, een van die engele. Sy woord is onwankelbaar. Hy moes 'n regverdige vergelding wees vir alles wat verkeerd gedoen is. Hy het gesê: "As ek 'n dienskneg van die Here is, laat vuur kom." En die tweede vyftig is verbrand. Goed. Elke vergelding!

> *Want as die woord deur die engele gespreek, onwankelbaar was, en elke oortreding en* ongehoorsaam *regverdige vergelding ontvang het, . . .*

53 Nou, hier is die groot ding, die volgende vers.

> *Hoe sal ons ontvlug . . .*

54 "Hoe sal ons ontvlug?" As Elía se stem vernietiging gebring het, omdat hy 'n engel van die Here was, hoe sal ons ontvlug wanneer die Stem van Christus deur spreek? Of, hoe kan ons faal wanneer vir jou gebid word, as Dit die Stem van Christus is? As Christus Sy Kerk opgedra het om vir die siekes te bid, en die Kerk doen wat Hy sê Hy . . . vir hulle om te doen, hoe kan dit dan ooit faal? Dit kan nie. Jy kan faal, maar Dit kan nie faal nie. En solank as jy Dit behou, sal Dit jou deurneem.

55 As jy faal, het jy in jouself gefaal. Jy raak net weg van die Woord af. Maar solank as wat jy by die Woord bly, kan Dit nie faal nie. Want die woord van die profete het *so-en-so* gemaak, hoeveel meer sal die Woord van Christus nie wees nie?

> *Hoe sal ons ontvlug as ons so 'n groot saligheid verontagsaam wat, nadat dit eers deur die Here verkondig is, aan ons bevestig is deur dié wat dit gehoor het.*

56 Dink Daaraan, deur die Here gespreek. Hoeveel kere sou ons nie kon teruggaan nie? Waar sou ons kon stop, net hier vir 'n uur? Toe Jesus gekom het, Hy's dieselfde gister, vandag, en vir altyd.

57 Nou, onthou, is eers begin verkondig deur Jesus, Self, en is toe bevestig deur dié wat Hom gehoor het. Nou luister na Hom.

58 Toe Hy na die aarde toe gekom het, het Hy nie daarop aanspraak gemaak om 'n Geneser te wees nie. Hy het gesê: "Dis nie Ek wat die werke doen nie; Dis My Vader wat in My woon. Hy doen die werke. Die Seun kan niks uit Homself doen nie, behalwe wat Hy die Vader sien doen." Johannes 5:19.

59 Kyk toe Filippus na Hom gekom het. Natániël . . . Na Filippus se bekering, het hy gegaan en Natániël gaan haal. Het gesê: "Kom, kyk wie ons gevind het: Jesus van Násaret, die Seun van Josef."

60 En hy het gesê: "Sou daar iets goeds uit Násaret kon kom?"

61 Het gesê: "Kom, kyk." Dis die manier om oortuig te word: bewys Dit. Kom en kyk. O, dis die beste wat ek ooit gehoor het. Kom en vind vir jouself uit. Moenie daar staan en kritiseer op die kantlyn nie, maar: "Beproef alle dinge en behou die goeie." Kom en kyk.

62 Met die pad langs het hulle geloop, gepraat. Toe hy nadergeloop het in die teenwoordigheid van die Here Jesus, het Hy gesê: "Aanskou 'n Israeliet in wie daar geen bedrog is nie.'

63 Dit het hom sprakeloos gelaat, byna. Hy het rondgekyk en gesê: "Wel, Rabbi, wanneer het U my ooit geken? U het my nog nooit gesien nie. Hoe ken U my?" Filippus het gesê . . .

64 "Voor, toe hy geroep . . ." Het gesê: "Voor Filippus jou geroep het gister, toe jy onder die vyeboom was, het ek jou gesien." Amen.

65 Hy het gesê: "U is die Seun van God. U is die Koning van Israel."

66 'n Vrou het in Sy Teenwoordigheid ingestap, en Hy het gesê: "Gaan haal jou man."

Sy het gesê: "Ek het nie een nie."

67 Het gesê: "Dis reg. Jy het vyf gehad, en die een met wie jy nou saamlewe, is nie joune nie. Jy het die waarheid gepraat." Dink daaraan.

68 Sy het gesê: "Meneer, ek merk dat U 'n profeet is. Dat, ons weet dat wanneer die Messias kom, sal Hy ons alle dinge sê."

69 Hy het gesê: "Ek is Hy, wat met jou praat."

70 En sy het gehardloop en die manne van die stad vertel. "Kom, kyk 'n Man Wat my alles vertel het wat ek gedoen het. Is dit nie die Messias nie?" Dit is deur die Here verkondig.

71 Wat het gebeur? Jesus het gesê, voor Hy weg is: "Die dinge wat Ek doen, sal julle ook doen." Dit reg? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] "Die dinge wat Ek doen sal julle ook doen, selfs meer as dit, want Ek gaan na die Vader toe." O, ek kan

hulle sien soos hulle uitgegaan het, oral. Markus 16: "Het oral heengegaan, verkondig; die Here het saam met hulle gewerk, die Woord bevestig."

En hier, Paulus, wat dieselfde ding gee. Hy het gesê dat die—die Evangelie is begin verkondig deur Jesus, en is bevestig vir ons deur hulle wat Hom gehoor het. Dis die Fondamentsteen. O, geseënd sy die Naam van die Here! Dis die Fondamentsteen.

72 En om te dink, tweeduisend jaar het verbygegaan. Ateïste het opgestaan, en ongelowiges, en skeptici, en agnostici. Maar, vandag, bevestig daardie selfde Jesus Sy Woord op dieselfde manier deur diegene wat Hom hoor. "Hom hoor," beteken nie net 'n preek hoor nie. Dit beteken, luister na *Hom*. Ja.

73 Hoe sal ons ontvlug? Waar is ons ontvlugting? O, jy sê: "Geseënd sy God, ek behoort aan die Metodiste kerk. Ek is 'n Presbiteriaan, ek is 'n Pinkster." Dit het nie een ding Daarmee te doen nie. En jy raak op 'n syspoor en wil Dit "spiritualisme, of een of ander verstandstelepatie, of een of ander duiwel" noem, of iets. Skaam hulle hulle nie!

74 "As elke woord onwankelbaar was deur die engele. . . " Jesus het gesê: "Dis nie. . . Klein tydjie, en die wêreld sal My nie meer sien nie. Tog, julle sal My sien, want Ek sal met julle wees, selfs in julle, tot die einde van die tydperk." En wanneer ons Hom sien neerdaal, om voort te gaan om Sy Woord te bevestig, hoe sal ons ontvlug as ons pamperlang by een of ander kerk, of een of ander organisasie, of denominasie of een of ander eie gunsteling teorietjie? Jy moet liewer laat los. "Want elke sonde het 'n regverdige vergelding ontvang onder die engele, hoeveel te meer wanneer die Seun van God uit die Hemele spreek, om Sy Woord te manifesteer! Hoe sal ons ontvlug, as ons sulke groot saligheid verontagsaam?" O, goeiste! "God het ook. . . "

4 de vers:

terwyl God ook nog saam getuig. . .

75 Kyk hierna. Die Here het getuig. O, ek is so bly daaroor! Die Here het dit getuig.

76 Kyk. Toe Elía op die heuwel gesit het, en hy gesê het: "As ek 'n man van God is, laat die vuur uit die Hemel val en jou verteer." God het getuig dat hy 'n man van God *was*.

God getuig altyd. Jou lewe sal getuig. Ek weet nie wat jou getuienis is nie, maar jou lewe praat so hard, jou stem kan nie gehoor word nie. Maar jou—jou leefwyse, jou alledaagse lewe sal getuig wat jy is. God getuig. Ja. Die Heilige Gees is 'n seël, en 'n seël vat aan albei kante van die papier. Hulle sien jou *hier* staan en sien jou wanneer jy weggaan. Nie net in die kerk nie, maar by alledaagse werk. Jy's verseël aan albei kante,

binnekant en buitekant. Deur die vreugde wat jy het, en deur die lewe wat jy leef, is jy verseël, binne- en buitekant, dat jy weet dat jy gered is en die wêreld weet jy's gered, deur die lewe wat jy lei, want God getuig. Geseënd sy Sy Heilige Naam! Goeiste, ek voel godsdienstig.

77 Dink daaraan, broers, daar. O! "My skape luister na My Stem, en 'n vreemdeling sal hulle nie volg nie."" O, hoedat ons name op die palms van Sy hande is! Dis voor Hom, dag en nag. Sy Woord is altyd voor Hom, Sy Belofte. Hy kan dit nie vergeet nie. En Hy het jou lief.

78 Nou, Hy sal uit Sy eie getuig. Maak jy nie jou mond oop en sê 'n woord nie, sal die wêreld weet iets het met jou gebeur.

> *...saam* getuig *deur tekens en wonders en allerhande kragtige dade en bedelinge van die Heilige Gees volgens sy wil?*

79 Laat ons nou net een Skrif neem voor ons afsluit; op die Pinksterdag, toe hulle die Heilige Gees ontvang het. Omtrent vier dae later, Petrus het deur die poort genaamd Skone gegaan; hy en Johannes. Hulle het gesê: "Kyk na ons," vir 'n man. En hy het gesê: "Silwer en goud het ek nie, maar wat ek het sal ek jou gee. In die Naam van Jesus Christus van Násaret, staan op en loop." En die man het opgekyk en nooit iets daaromtrent bevraagteken nie. Hy het net opgestaan en weggestap. Hulle was onkundig en ongeletterde manne. Maar die Bybel het gesê: "Hulle moes ag slaan op hulle, want hulle het geweet hulle was saam met Jesus gewees."

80 Broer, wanneer die wêreld weet dat jy by Jesus was, wanneer jy so 'n onvervalste lewe kan lei in hierdie huidige wêreld en in hierdie duisternis, dat die wêreld weet en kan sien dat jy by Jesus was; wanneer 'n ruwe, ou vulgêre prostituut van die straat 'n dame kan word, gewas in die Bloed van die Lam; getuig God dat Hy leef.

81 Vat 'n dronklap, wat so laag gedaal het dat hy sy vrou sal verkul, dat hy sy kinders sal mishandel, en die kos van sy tafel vat, om op 'n prostituut te spandeer. Laat hom eenmaal by Jesus kom. Jy sal hom sien terugkeer, soos Legioen, wat by sy verstand en gekleed was, na sy babas en na sy vrou en na sy geliefdes. Sekerlik.

82 'n Tyd gelede, omtrent veertigjaar gelede, toe die godsdienste van die wêreld ontmoet het, en die verskillendes opgestaan en gepraat het. En die Mohammedaan het gepraat vir die Mohammedaanse godsdiens. Die Djaïnes het gepraat vir die Djaïnisme, die Boeddhis vir die Boeddhisme. En die doktertjie, ek vergeet wat sy van was, net op hierdie oomblik. Ek het geweet wat sy naam was, maar ek het dit vergeet. Hy het gepraat om Christendom te verteenwoordig. En hy het die storie vertel van Lady Maccabee van Oklahoma, in Amerika.

Sy was so gemeen en so laag-gevalle, dat selfs toe hulle gegaan het om haar dood te maak, hulle nie eens hulle hande op haar wou lê nie, sy was so vulgêr en liederlik. Hulle het haar gearresteer op 'n klagte: het 'n sigaar gerook; 'n poskoets gedrywe; en het die—die—die wette verbreek, die rekords in Oklahoma, toe sy deur die straat is, het vier perde gedryf. En sy was so liederlik en so vuil dat die gemeenskap nie eens daarrond wou kom waar sy was nie; so erg, dat toe die laksmanne haar wou gaan teregstel, wou hulle haar nie hang nie. Hulle het sommer teer en vere oor haar gegooi, om haar dood te maak.

En toe hierdie klein prediker haar storie vertel, op so 'n wyse, dat hy die mense op die punte van hulle stoele laat sit het, geluister wat volgende sou kom. Toe hy daarby gekom het 'n baie liederlik, vuil, laag-gevalle, dat selfs nie die wetsmanne met haar wou lol nie, sy was so laag. Die einste Duiwel in die hel sou so 'n persoon verwerp, byna, soos wat hy die storie vertel het. Toe het hy gesê: "Menere, van die godsdienste van die wêreld, het julle godsdiens enigiets wat die hande van Lady Maccabee sal skoonmaak?"

83 Almal het stilgesit. Toe het hy sy hande saamgeslaan en in die lug gespring. Hy het gesê: "Glorie aan God! Die Bloed van Jesus Christus sal nie alleen haar hande skoonmaak nie, maar Dit sal haar hart skoonmaak en haar Sy Bruid maak." Sê julle:

Genade! Onbeskryflik groot,
Het U aan my bewys!
Eens was ek verlore, maar nou gevind,
Was blind, maar kan nou sien.

Genade het my hart geleer om te vrees,
Was genade wat my vrees verlig;
Hoe kosbaar het daardie genade verskyn
Die oomblik toe ek glo!

84 Sekerlik. "Hoe sal ons ontvlug, as ons dit verontagsaam?" Laat jy na om te eet, sal jy sterf. Laat jy na om 'n hoek om te ry, verongeluk jy. Laat jy na om die koei te malk, sal sy opdroog. Verontagsaam jy jou tande, sal jy hulle almal moet laat uittrek. Sekerlik. Jy betaal vir jou verontagsaming.

85 O, Branham Tabernakel en julle besoekers, laat ek julle nou iets vertel. Laat jy na om te getuig van die heerlikheid van God, laat jy na om God die lof en die glorie te gee, sal jy jouself koud, formeel, en afgedwaal bevind, een van hierdie dae. Gee julle aan God die eer. "Hoe sal ons ontvlug, as ons so 'n groot saligheid verontagsaam?"

86 Word laat. Ek het toevallig opgelet, Broer Toms het daaragter ingestap. Ons sal afsluit en dit vanaand voortsit, as die Here wil.

Laat ons net 'n oomblik bid.

87 Ons Hemelse Vader, aan U die seëninge, en lof, en eer, en heerlikheid, en wysheid, en mag, en krag, vir ewig en ewig. O, aan daardie Lam wat op die Troon sit, is heerskappye en koninkryke en alles in Sy hand oorgegee. Toe Hy uit die dood opgestaan het, vir ons regverdigmaking, het Hy tot die wêreld uitgeroep: "Alle mag in die Hemel en aarde is in My hand gegee. Gaan julle dan heen, in die hele wêreld in, en verkondig die Evangelie."

O dierb're Lam geslag, U kosbaar Bloed
Sal nooit Sy krag verloor nie,
Tot elke siel van God se Kerk
Gered, van sonde vry is.

88 Help ons, as predikers, om in te sien dat ons soveel vereis, hoedat ons 'n kerk moet hê, ons *dit* moet hê, ons alles moet hê.

89 Ons vroue, alvorens kerk toe te gaan, noem hulleself nogtans Christene, moet 'n sekere soort rok hê, of moet so uitspattig aangetrek wees.

En predikers sal soveel geld moet kry voor hulle sal kom, en alles moet *so-en-so* wees.

90 O Christus, wanneer ek hier lees: "Hoe hulle rondgedwaal het, in skaapvelle en bokvelle, geleef het in skuilplekke van die aarde, en grotte." Hulle het rondgedwaal onder liederlike vervolging, en, tog, het die Geloof verkry, onder die bediening van engele. Hoe sal ons ontvlug, wanneer die Here Jesus ons mooi huise, en motors, en klere, en kos gegee het? En ons murmureer. Ons sit rond. Ons is lui. Ons probeer nooit uitgaan en iets daaraan doen nie. Hoe sal ons ontvlug, God?

91 O, ek bid dat U outydse oortuiging in elke hart sal inbrand vanmôre, Here, dat die mense doenig kan wees. Laat ons werk terwyl die daglig skyn, want die son sak vinnig. En beskawing gaan heen, en daar sal geen tyd meer wees nie. Dit in Ewigheid versmelt.

92 O God, gee vandag dat ons met vars visie gaan, met wysheid, met insig, om te weet hoe om sondaars te benader en hulle na Christus te bring. Verhoor die gebed van U dienskneg, Here.

93 Ek vra, as daar enigeen hier is, wat nie Christus as hulle Verlosser ken nie, sal jy jou hand opsteek en sê: "Dink aan my, Broer Branham"? Sal jy net jou hand opsteek, sê: "Dink aan my. Ek wil 'n Christen wees. Ek wil dit nie langer nalaat nie"? God seën jou, daaragter, meneer. Iemand anders? Sê: "Ek wil my hand opsteek, Broer Branham. En ek wil Christus aanvaar, as my Verlosser, ek het nagelaat, al die tyd. O, ek gaan kerk toe, sekerlik, ek behoort aan 'n kerk."

Die Boek Van Hebreërs

Hierdie elf Boodskappe deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik gelewer in Engels vanaf 21 Augustus tot 22 September 1957, by die Branham Tabernakel in Jeffersonville, Indiana, V.S.A., is geneem vanaf die magnetiese bandopnames en onverkort gedruk in Engels. Hierdie Afikaanse vertaling is gedruk en versprei deur Voice Of God Recordings.

AFRIKAANS

©2009 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org